

Mnr. Ellian Perch, direkteur van Robertson & Caine, aan boord van die Leopard 46 in Tafelbaai. Dié luukse katamaran is benoem vir die internasionale toekenning vir Boot van die Jaar wat in Desember in Amerika aangekondig word. **Foto: VERSKAF**

Nóg 'n Kaapse katamaran op top-wêreldlys

ROBERTSON & CAINE, die grootste vervaardiger van luukse bote in Suid-Afrika, is pas weer ingesluit in die lys van beste internasionale bootbouers vir 2006.

Die benoemings vir die jaarlikse Boot van die Jaar-toekenning sluit die Leopard 46 in, 'n ontwerp wat onlangs deur Robertson & Caine bekendgestel is. Die voorloper van die Leopard 46, die Leopard 40, het die gesogte toekenning verlede jaar gewen.

Vanjaar se wenner sal in Desember in Amerika aangekondig word. Die Leopard 46 is in Oktober by die jaarlikse Kaapse bootskou by die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum bekend gestel.

Robertson & Caine het die afgelope tien jaar talle toekennings in die mark vir luukse katamarans gewen.

Die onderneming in Woodstock voer jaarliks sowat 70 bote ter waarde van R140 miljoen uit.

Mnr. Ellian Perch, direkteur van Robertson & Caine, sê die onderneming is op een na die grootste vervaardiger van katamarans, en oorheers reeds die hoogs mededingende Noord-Amerikaanse mark.

Robertson & Caine is aangewys as die eksklusiewe bouer van luukse bote vir The Moorings, 'n vooraanstaande internasionale seiljagverhuringsmaatskappy.

Die Leopard 46 kos R4,4 miljoen en spog met 'n innoverende ontwerp, waaraan Amerikaanse argitekte meegehelp het. Die boot het vier lugversorgde dubbelkamers met hul eie badkamers, twee slaapplekke vir die bemanning, 'n moderne kombuishoekie, en 'n sit-eetvertrek vir agt mense.

Perch sê teen einde vanjaar sal die onderneming al 16 Leopard 46's verkoop het – drie aan individuele kopers en 13 as huurbote.